# Nuwe kraakbeen-hoop vir pasiënte

PETRO BOSMAN

**DAAR is nou nuwe hoop vir pasiënte wat die meniskus (kraakbeen) in hul knieë beseer het of voorheen reeds 'n menisektomie gehad het.**

Volgens dr. Ockie van Zyl, 'n ortopeed by die Panorama Medi-Clinic in Panorama, is daar vroeg vanjaar by dié privaathospitaal met van die eerste kollageen-meniskusinplantings begin waar daar voorheen net menslike kraakbeen – verkrygbaar van 'n skenkerbank in Pretoria – oorgeplant is.

Volgens Van Zyl het 'n chirurg in Colorado, Amerika, in 2003 die eerste kollageen-meniskusinplantings begin doen. Hy het self 'n kongres bygewoon en daar die tegniek aangeleer. "Besering van die meniskus is die algemeenste kniebesering en kom veral onder sportlui voor," sê Van Zyl, wat self 'n sportman is en juis daarom in ortopedie gespesialiseer het.

"'n Knie waarvan die meniskus verwyder is raak mettertyd onstabiel en pynlik. Osteoartritis kan ná 'n menisektomie verhaas word en die operasie kan dit vertraag. Die prosedure, wat sleutelgat-chirurgie behels, duur sowat 'n uur en die pasiënt bly een nag oor in die hospitaal. Daarna volg ses weke in 'n kniestut en krukke en sowat drie maande se rehabilitasie."

Van Zyl het gesê hulle doen die operasie ook vir pasiënte met die beginstadium van artritis om as 'n buffer tussen die femur en die tibia te dien.

Mense met navrae kan hulle kontak by 021 930 2740/2708.




**Kollageen-meniskusinplanting.** Foto's: Panorama Medi-Clinic




Gedeeltelike afwesige meniskus.



Só lyk die gewone skenker-weefsel.